DIE GELYKHEIDSHOF, GEHOU TE JOHANNESBURG

In die saak tussen:

AFRIFORUM

Die Klaer

en

JULIUS SELLO MALEMA

Eerste Respondent

en

AFRICAN NATIONAL CONGRESS

Tweede Respondent

ONDERSTEUNENDE BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

LIONEL POSTHUMUS

verklaar hiermee onder eed soos volg:

1. Ek is ’n meerderjarige manlike professor by die Universiteit van Johannesburg

2. Ek is die departementshoof van die Skool vir Tale by die Fakulteit van Geesteswetenskappe by die Universiteit van Johannesburg, en as sodanig gekwalifiseerd in sowel Zulu en Sotho.

3. Ek het na die lied “Awudubule (i)bhunu” geluister en die stawende eedsverklaring van die Klaer deurgelees.

4. Die vertaling van die lied, soos uiteengesit in die Klaer se eedsverklaring, is ’n ware en korrekte Afrikaanse vertaling van die lied.

5. Ek bevestig derhalwe die tersaaklike feite in die Klaer se eedsverklaring.

…….

L Posthumus

Ek sertifiseer dat voordat ek die eed / plegtige verklaring geadministreer het ek die deponent die volgende vrae gevra het en die antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(1) Is u bewus van en verstaan u die inhoud van hierdie verklaring?

Antwoord:…….

(2) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord:……

(3) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend op u gewete?

Antwoord:…….

Ek sertifiseer dat die deponent erken het dat hy die inhoud van die verklaring ken en verstaan. Die deponent het die volgende woorde geuiter: “Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God” /”Ek verklaar plegtig dat die inhoud van die verklaring waar is”. Die handtekening/merk van die deponent is aangebring in my teenwoordigheid.

……

KOMMISARIS VAN EDE